

15 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 18

Fokusgedeelte: Jesaja 18:3, 5, 6

## Vind rus in God te midde van 'n onrustige wêreld

*Onder ons, om ons en in ons is daar soveel onrustigheid. Om ons sien 'n mens al die onrustigheid van 'n soekende wêreld, 'n wêreld wat God nie ken nie. Onder ons, in kerkverband, in gemeentes, in gesinne, in skole en in gemeenskappe is daar soveel onrus oor so 'n verskeidenheid redes. In onself is daar dikwels onrus oor ons eie omstandighede, oor die sonde wat dreig om ons te oorweldig, oor ons eie, soms worstelende, geloofslewe.*

In al hierdie onrustigheid bring Jesaja 18 ons by die rus in God. In hoofstuk 18 word gehandel oor die onrus in Etiopië, in hoofstuk 19 oor die onrus in Egipte en in hoofstuk 20 oor die onrus in altwee. In daardie tyd van die volk Israel se geskiedenis draai die wêreldgety teen die Egiptenare en sy bondgenote. Daar word nou samewerking gesoek met Jerusalem en koning Hiskia is nie te onwillig vir so 'n samewerking nie. Maar die profeet Jesaja waarsku daarteen. Hy roep die hele wêreld op om in tye van onrus te sien dat die Woord van die Here soos 'n banier op 'n berg is (vs 3). Jesaja waarsku daarteen, want die volk van God, Juda, en koning Hiskia hoef nie bang en onrustig te wees omdat die wêreld onrustig is nie. God kan enige oomblik 'n einde maak aan die onrus van alles (vs 5 en 6). In God kan ons as gelowiges altyd rustig wees, ten spyte van 'n onrustige wêreld. Ons is deur Christus met God verbind, Sy verbond bevestig Hy van kind tot kind. Sy Heilige Gees versterk ons en troos ons en rus ons toe. Waarom sal ons kompromieë aangaan met 'n sondige wêreld? Waarom sal ons toelaat dat die onrus van hierdie wêreld ook ons onrus word? Waarom sal ons twyfel of God die onrus in ons kan stil maak? Christus is ons vrede, Hy is ons rus. Waarom sal ons onrustig wees? Mag dit in jou lewe waar wees: *Hoop op God, in Hom weer rustig! In sy lof sal 'k my verlustig.*

Sing: Psalm 42:1, 2, 7 (1936)

Ds JG Noëth (Naboomspruit)